DURBAN - NOORD KOLLEGE
OPVOEDINGS TRUST/
DURBAN NORTH COLLEGE
EDUCATION TRUST

NASORGSENTRUM / AFTERCARE CENTRE
Posbus / P.O. Box 20307, Durban Noord / Durban North, 4016
Tel. 031 - 564 5256 | epos / email: nasorg@dnkot.co.za

DNK TRUST - NASORG AANSOEKVORM 2020

'n Aparte vorm moet vir elke kind voltooi word.

LEERDERBESONDERHEDE

VAN:	**NAAM:**
GEBOORTEDATUM:	**GRAAD:**
GESLAG:	**HUISTAAL:**

VAN & NAAM VAN MOEDER:

VAN:		**NAAM:**
FISIESE ADRES:		
WERK TELEFOON:		**SEL:**
BEROEP:		**NAAM VAN MAATSKAPPY:**
WERK ADRES:		
E-POS:		

VAN & NAAM VAN VADER

VAN:		**NAAM:**
FISIESE ADRES:		
WERK TELEFOON:		**SEL:**
BEROEP:		**NAAM VAN MAATSKAPPY:**
WERK ADRES:		
E-POS:		

DURBAN - NOORD KOLLEGE
OPVOEDINGS TRUST/
DURBAN NORTH COLLEGE
EDUCATION TRUST

NASORGSENTRUM / AFTERCARE CENTRE
Posbus / P.O. Box 20307, Durban Noord / Durban North, 4016
Tel. 031 - 564 5256 | epos / email: nasorg@dnkot.co.za

DNK TRUST - NASORG BETALINGS 2020

'n Aparte vorm moet vir elke kind voltooi word.

PERSOON VERANTWOORDELIK VIR BETALING

NAAM:	**ID NR.:**

PERSOON VERANTWOORDELIK VIR AFHAAL VAN KIND

1. NAAM:	**TEL. NR.:**
2. NAAM:	**TEL. NR.:**

MEDIESE INLIGTING

MEDIESE FONDS NAAM:
MEDIESE FONDS NOMMER:
ALLERGIEË:
In geval van nood, skakel asseblief:
Dokter:
Addisionele mediese kondisies:

DURBAN - NOORD KOLLEGE
OPVOEDINGS TRUST/
DURBAN NORTH COLLEGE
EDUCATION TRUST

NASORGSENTRUM / AFTERCARE CENTRE
Posbus / P.O. Box 20307, Durban Noord / Durban North, 4016
Tel. 031 - 564 5256 | epos / email: nasorg@dnkot.co.za

DNk TRUST – NASORG FOOIE 2020

'n Aparte vorm moet vir elke kind voltooi word.

TYD	KOSTE PER MAAND x 11 betalings vir die jaar	TYD	COST PER MONTH x 11 payments for the year
GRAAD 1 + 2		**GRAAD 3 - 7**	
13:00 – 15:30	**R 556**	14:00 – 15:30	**R 335**
13:00 – 16:30	**R 772**	14:00 – 16:30	**R 556**
13:00 – 17:30	**R 994**	14:00 – 17:30	**R 772**

5% AFSLAG VIR 2DE EN 3DE KIND.

OPSIE *(Kies gepaste opsie)*

TYE	KIES OPSIE	GRAAD VIR 2020
Nasorg tot 15:30		
Nasrog tot 16:30		
Nasorg tot 17:30		
Vakansiesorg		

(Voorsien asseblief eie eetgoed vir AL die bogenoemde)

LIDMAATSKAP

R140 een keer per jaar vir ledegeld.

LAAT OPTEL VAN KIND

Indien u, u kind later as die ooreengekome tyd afgehaal word, sal 'n boete van R54 per halfuur gehef word.

VAKANSIESORG vanaf **06 Januarie 2020 tot 11 Desember 2020 (alle vakansies ingesluit)**

R435 per maand x 11 betalings vir die jaar, bygevoeg aan bogenoemde.

DURBAN - NOORD KOLLEGE
OPVOEDINGS TRUST/
DURBAN NORTH COLLEGE
EDUCATION TRUST

NASORGSENTRUM / AFTERCARE CENTRE
Posbus / P.O. Box 20307, Durban Noord / Durban North, 4016
Tel. 031 - 564 5256 | epos / email: nasorg@dnkot.co.za

ADDISIONELE VAKANSIESORG (SLEGS BESOEKERS)

R180 per dag, as **NIE** deel is van nasorg – ***voorsien eie kos en koeldrank***
R110 per dag, as deel is van nasorg – ***voorsien eie kos en koeldrank***

DAGBESOEKERS *(nie ingesluit in bogenoemde nie)*

TYD	KOSTE	TYD	KOSTE
GRAAD 1 + 2		**GRAAD 3 - 7**	
13:00 – 15:30	**R 65** per dag		
13:00 – 16:30	**R 85** per dag	14:00 – 16:30	**R 65** per dag
13:00 – 17:30	**R 105** per dag	14:00 – 17:30	**R 85** per dag

DURBAN - NOORD KOLLEGE
OPVOEDINGS TRUST/
DURBAN NORTH COLLEGE
EDUCATION TRUST

NASORGSENTRUM / AFTERCARE CENTRE
Posbus / P.O. Box 20307, Durban Noord / Durban North, 4016
Tel. 031 - 564 5256 | epos / email: nasorg@dnkot.co.za

ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG:

1. Ek _____ ouer/voog van _____ verbind myself hiermee met die tydige betaling van die nasorggelde vir die bogenoemde leerder. Hierdie ooreenkoms sal begin op die datum van ondertekening en sal verstryk op die laaste dag van bywoning van Durban-Noord Opvoedings Trust Nasorgsentrum van 2020.

2. Ek erken dat die bywoning van Durban-Noord Kollege Opvoedings Trust Nasorgsentrum onderhewig is aan die betaling van nasorggeld wat op datum moet wees. Durban-Noord Kollege Opvoedings Trust behou die reg om bywoning van die Nasorgsentrum, in die geval van agterstallige nasorggeld, te weerhou tot tyd en wyl hierdie posisie reggestel is.

3. Ek erken dat regstappe teen elke ouer, in geval van nie-betaling, gedoen sal word. Sodanige regstappe sal nagestreef word ongeag die huwelikstatus van die ouers/voog en/of die bestaan van onderhoud- of hofbevele. Regskoste en rente aangegaan sal tot die koste van die ouer/voog wees.

4. Ek erken dat indien agterstallige skuld nie vereffen is aan einde van 2019 nie, sal ek aanvaar dat my kind/ers nie toelating sal ontvang om Nasorg te kan bywoon in 2020 nie.

5. Ek onderneem om te voldoen aan die reëls en dissiplinêre kode van die Durban-Noord Kollege Opvoedings Trust Nasorgsentrum en erken dat die Durban-Noord Kollege Opvoedings Trust Nasorgsentrum die reg voorbehou om die bywoning van die leerder te staak in die geval van swak dissipline en/of disfunksionele gedrag. (sien Bylaag 1)

6. **Ek aanvaar dat die voltooiing van huiswerk onder toesig is, maar nie nagesien word nie en dat dit my verantwoordelikheid as ouer/voog is.**

7. Ek onderneem om Durban-Noord Kollege Opvoedings Trust Nasorgsentrum te vergoed vir enige skade aan eiendom wat deur my kind veroorsaak is

8. Ek verstaan dat Durban-Noord Kollege Opvoedings Trust Nasorgsentrum nie aanspreeklik gehou kan word vir besering aan my kind nie en/of die verlies of skade aan klere en/of eiendom van die leerder.

DURBAN - NOORD KOLLEGE
OPVOEDINGS TRUST/
DURBAN NORTH COLLEGE
EDUCATION TRUST

NASORGSENTRUM / AFTERCARE CENTRE
Posbus / P.O. Box 20307, Durban Noord / Durban North, 4016
Tel. 031 - 564 5256 | epos / email: nasorg@dnkot.co.za

9. Ek onderneem om my kind betyds voor toemaaktyd by Durban-Noord Kollege Opvoedings Trust Nasorgsentrum af te haal . Die Nasorgsentrum sal nie verantwoordelik gehou word vir die veiligheid en sorg van my kind na werksure nie. Ek erken ook dat ‘n boete gehef sal word indien my kind ná toemaaktyd afgehaal sou word.

10. **Ek onderneem om 30 dae skriftelik kennis te gee van enige voorneme om my kind uit Durban-Noord Kollege Opvoedings Trust Nasorgsentrum te onttrek.**

11. Hiermee verklaar ek dat die inligting op hierdie vorm waar en korrek is.

Ek doen hiermee aansoek om toelating vir bogenoemde kind, onderhewig aan die aangehegte voorwaardes vir toelating en regulasies, wat ek gelees en aanvaar het, sonder enige reserwe.

_____ _____

HANDTEKENINGE VAN OUER/VOOG **DATUM**

DURBAN - NOORD KOLLEGE
OPVOEDINGS TRUST/
DURBAN NORTH COLLEGE
EDUCATION TRUST

NASORGSENTRUM / AFTERCARE CENTRE
Posbus / P.O. Box 20307, Durban Noord / Durban North, 4016
Tel. 031 - 564 5256 | epos / email: nasorg@dnkot.co.za

Bylaag 1

Reëls en dissiplinêre kode van die Durban-Noord Kollege Opvoedings Trust Nasorgsentrum:

1. Leerders **moet** direk aan die Nasorg bywoningsregister rapporteer.
2. Die leerders **sal**, te alle tye, optree as goeie ambassadeurs van die Nasorgsentrum.
3. Indien die leerder op enige gegewe dag nie die Nasorgsentrum sal bywoon nie, moet die ouer/ voog die onderwyser asseblief skriftelik via SMS/WhatsApp-groep of per oproep in kennis stel.
4. Leerders **mag slegs** op plekke, soos aangedui deur die Nasorg onderwyser, speel.
5. Na skool verander die leerders na gewone klere. Toilette **mag nie** sonder toestemming besoek word nie.
6. Alle leerders het ‘n minimum van **een uur** vir studietyd. Studietyd is van **13:30 – 14:30** (Graad 1 + 2) en **14:00 – 15:00** (Graad 3 + 7). Studietyd is **verpligtend** vir alle leerders.
7. Senior leerders wat langer wil studeer, **sal** toegelaat word. Leerders **moet** dus die nodige studiemateriaal hê vir die week se toetse.
8. Klere **moet** asseblief duidelik gemerk word.
9. Aan die **begin van elke maand** moet al die ouers/voogde ‘n vorm stuur om aan te dui watter middag en watter sport/aktiwiteite die leerder gedurende daardie maand gaan deelneem, sodat ons weet waar hulle in die middae is. **NIE** via WhatsApp-groep nie.
10. Ons bied **GEEN** kos nie. Voorsien asseblief **eie** kos.
11. Die tye vir die Nasorgsentrum is **streng** van **13:00 – 17:30**. Vakansiesorg is **streng** van **07:15 – 17:30**. As ouers laat is, stel ons asseblief **voor die tyd** in kennis.
12. Leerders **sal**, te alle tye, personeel met respek behandel.
13. Leerders **moet** wedersydse respek en verdraagsaamheid met mekaar hê.
14. Leerders **sal nie** skool-/nasorg eiendom vandaliseer nie.

DURBAN - NOORD KOLLEGE
OPVOEDINGS TRUST/
DURBAN NORTH COLLEGE
EDUCATION TRUST

NASORGSENTRUM / AFTERCARE CENTRE
Posbus / P.O. Box 20307, Durban Noord / Durban North, 4016
Tel. 031 - 564 5256 | epos / email: nasorg@dnkot.co.za

15. As ouer/voog besluit om die leerder uit die Nasorgsentrum te neem, **moet** daar aan die Bestuur **30 dae** kennis gegee word.

16. Die WhatsApp-groep is ‘n gerieflike manier om die Nasorg onderwyser van enige inligting in te lig. Die tye **sal streng** van **12:00 – 18:00** wees. Privaat boodskappe sal **slegs** in noodgevalle aanvaar word.

17. Die WhatsApp-groep is **SLEGS** vir Nasorg doeleindes!

18. As jy jouself verwyder van die WhatsApp-groep, **sal jy nie** weer bygevoeg word nie.

19. As ‘n ouer/voog, het u die verantwoordelikheid om betyds te wees. As die leerder na ure opgetel word en die Nasorg onderwyser was nie ingelig nie, sal u ‘n mondelinge waarskuwing vanaf die Bestuur ontvang.

20. **As leerders nie by die reëls hou nie, sal die volgende strawwe in plek gestel word:**
    - **Waarskuwing 1:** ‘n Skriftelike waarskuwing word aan die ouer/voog gestuur om te teken.
    - **Waarskuwing 2:** Ouer/voog word ingeroep en die leerder se gedrag word bespreek. Ouer/voog word ook daarop attent gemaak dat die leerder nie verder by die Nasorgsentrum geakkommodeer sal word indien daar weer ’n probleem is nie.
    - **Waarskuwing 3:** Leerder word, skriftelik, gevra om die Nasorgsentrum permanent te verlaat.

21. **As ouer/voog nie by die reëls hou nie, sal die volgende strawwe in plek gestel word:**
    - **Waarskuwing 1:** Ouer/voog sal ‘n mondelinge waarskuwing vanaf Bestuur ontvang, persoonlik of per oproep.
    - **Waarskuwing 2:** Ouer/voog sal skriftelike waarskuwing ontvang om te teken.
    - **Waarskuwing 3:** Ouer/voog word, skriftelik, gevra om die leerder permanent van die Nasorgsentrum te verwyder.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking. Ons wil u verseker dat elke personeellid daarna streef om aan u diens van gehalte te lewer.